

# HOËRSKOOL PIONIER



Die minimum vereiste vir universiteitsvrystelling (universiteitstoelating) is 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met 'n prestasievlak van 4 (50 – 59%) in vier **erkende** NSS 20 kredietvakke.

**Erkende** NSS 20-kredietvakke wat by Hoërskool Pionier aangebied word

Afrikaans  
Engels  
Wiskunde  
Wiskundige Geletterdheid  
Landbouwetenskap  
Fisiese Wetenskappe (Wetenskap)  
Lewenswetenskappe (Biologie)  
Besigheidstudies  
Geografie (Aardrykskunde)  
Rekeningkunde  
Ingenieursgrafika en -ontwerp (Tegniese Tekene)  
Visuele Kuns  
Verbruikerstudies

## **LET WEL !**

Die volgende 20-kredietvakke is **nie** deel van die erkende aangewese lys nie !

Toerisme  
Rekenaar Toepassingstechnologie  
Siviele Tegnologie – Siviele Dienste  
Siviele Tegnologie – Elektries (Elektronika)

Lewensoriëntering is slegs 'n 10-kredietvak

## **Leerlinge moet hulle vakke uit die volgende groepe kies :**

### **GROEP 1 (Verplichtend)**

1. Afrikaans (Moedertaal)
2. Engels (1ste Addisionele Taal)
3. Lewensoriëntering

### **GROEP 2 (Verplichtend)**

4. Wiskunde óf Wiskunde Geletterdheid.

**KEUSEVAKKE** : Kies **EEN** vak uit groep 3; **EEN** vak uit groep 4 en **EEN** vak uit groep 5.

### **GROEP 3 (vak 5)**

Fisiese Wetenskappe                      óf  
Toerisme    óf  
Rekenaartoepassingstechnologie              óf  
Besigheidstudies

### **GROEP 4 (vak 6)**

Lewenswetenskappe                      óf  
Besigheidstudies                              óf  
Ingenieursgrafika en -ontwerp              óf  
Landbouwetenskappe

**GROEP 5** (vak 7)

Geografie	óf
Rekeningkunde	óf
Verbruikerstudies	óf
Visuele Kuns (Kuns)	óf
Siviele Tegnologie (Elektronika)	óf
Siviele Tegnologie (Siviele Dienste)	

**AGSTE VAKKE**

Indien 'n leerling 'n agste vak wil neem moet 'n graad gemiddeld van minstens 70% in graad 9 behaal word. Verdere voorwaardes is dat die Departement asook die skool dit moet goedkeur. Die koste vir 'n agste vak beloop R300 per jaar wat nie terugbetaalbaar by staking van vak is nie.

**LET WEL** : Fisiese Wetenskappe en Rekeningkunde kan net geneem word as Wiskunde geneem word vir die volle duur van die kursus.

Siviele Tegnologie (Siviele Dienste en Elektronika) kan net geneem word as Wiskunde, Fisiese Wetenskappe én Ingenieursgrafika en-ontwerp geneem word vir die volle duur van die kursus.

**VAKINHOUD EN STUDIETERREIN**

<b>VAK</b>	<b>STUDIETERREIN</b>
BESIGHEIDSTUDIES	Studie van die sake-omgewing, sakegeleenthede, sakerolle en funksies van besighede.
FISIESE WETENSKAPPE	Hoe om fisiese en chemiese verskynsels deur wetenskaplike ondersoek na te vors. Deur die toepassing van wetenskaplike modelle, teorieë en wette leer jy hoe om gebeure in die natuurlike omgewing te verduidelik en te voorspel.
GEOGRAFIE (ou Aardrykskunde)	Studie van die fisiese en menslike prosesse asook ruimtelike patrone op aarde op 'n geïntegreerde wyse oor tyd en ruimte. Maak sin uit 'n komplekse wêreld wat beïnvloed word deur baie verskillende kragte soos plaaslike/internasionale verbintenisse, die agteruitgang van die omgewing, beweging van mense, finansiële kapitaal en maatskaplike en politieke konflik.
INGENIEURSGRAFIKA EN -ONTWERP	Studie oor die weergee van strukture en voorwerpe deur akkurate en gedetailleerde tekeninge te gebruik. Dit word in 2D en 3D weergegee.
LANDBOUWETENSKAPPE	Die studie van die verhouding tussen verskillende tipes grond, plante en diere om voedsel, vesel, brandstof en enige ander landboukommoditeite te vervaardig wat 'n ekonomiese, estetiese en kulturele waarde het.
LEWENSORIËNTERING	Hoe om 'n gebalanseerde lewenstyl aan te neem en jou lewe verantwoordelik te bestuur deur kennis, vaardighede en waardes te ontwikkel wat jou in staat stel om ingeligte keuses oor jou persoonlike welstand, burgerlike verantwoordelikhede, deelname aan fisiese aktiwiteite en keuse van beroep uit te oefen.
LEWENSWETENSKAPPE (ou Biologie)	Studie van fisiologie en anatomie, siektes, selle en weefsels, ekologie en bevolkingsdinamika, biotegnologie, biodiversiteit en mediese tegnieke, biochemie, die etiek van wetenskap, evolusie en genetica.
REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE	Studie van inligting- en kommunikasietegnologie (ICT) en sluit basiese konsepte met betrekking tot apparatuur, programmatuur en netwerke, gevorderde woordverwerking, sigblaai, databasis, aanbiedingsvaardighede, kommunikasiemodusse en –gereedskap, in. (Soortgelyk aan die ICDL sillabus)

REKENINGKUNDE	Finansiële aantekening en die verskillende finansiële rekords, bestuursrekeningkunde en die bestuur van finansiële bronne, asook etiese aspekte met betrekking tot finansiële aangeleenthede.
SIVIELE TEGNOLOGIE: SIVIELE DIENSTE	Die vak fokus op alle terreine rakende die boubedryf. Daar is teorie en praktiese komponente. Leerders doen ook tegniese tekeninge met die klem wat val op boutekeninge.  Modules wat behandel word: Veiligheid, Materiale, Gereedskap, Grafika, Terminologie, Toegepaste meganika, Konstruksie, Siviele dienste, Hoeveelhede, Voegwerk.
SIVIELE TEGNOLOGIE: ELEKTRIES (ELEKTRONIKA)	Elektronika as spesialisering in Elektriese Tegnologie stel die leerling bekend aan analoog elektronika met toepassings in ligte stroom. Vanaf graad 10 word die leerling blootgestel aan die volgende: beginsels van elektrisiteit en stroomvloei, halfgeleiertoestelle en hul onderskeie toepassings, instrumentasie en hoe om lesings te neem sodat gevolgtrekkings gemaak kan word op grond van waarneming, geïntegreerde stroombane deur die kombinasie van eenvoudige stroombane om meer komplekse stroombane te vorm vir die doel om kommunikasie en beheer te bewerkstellig.  'n Leerling in Elektriese Tegnologie wat spesialiseer in Elektronika is in staat om probleme op te los deur elektroniese toepassings in die vorm van bestaande stroombane te verander en aan te pas. Die leerling sal in staat wees om elektroniese stroombane te toets en in werking te stel.
TOERISME	Hoe om aan die vereistes en verwagtinge van reisigers te voldoen en 'n insig in toerismepraktjke en sosio-ekonomiese groei te ontwikkel.
VERBRUIKERSTUDIES	Dit verken verskillende terreine, met begrip van voedsel en voeding, klere, behuising en meubilering, op 'n praktiese manier. Entrepreneursgeleenthede word regdeur die vak aangemoedig. Verbruiksvaardighede word ook aangespreek. Die praktiese komponent by Pionier is dan voedsel waar leerders ook 'n praktiese eksamen moet aflê. Dit is dan ook 25% van hulle finale punt. Voedingsverwante gesondheidsprobleme en dieetbeplanning geniet voorkeur!
VISUELE KUNS	Om twee- en driedimensionele visuele taal te ontdek en toe te pas deur kunsmateriaal kreatief te gebruik; om op papier of doek te skep wat die geestesoog kan sien en om gallerye en museums, kunsbedrywe, kunsbestuur, gemeenskapskunssentrums, kunssentrums, kultuurdorpe, kulturele toerisme en ander kunsgebeure te waardeer.
WISKUNDE	Om sowel Wiskunde as werklike probleme op te los deur van 'n reeks wiskundige gereedskap gebruik te maak. Hierdie gereedskap is gegroepeer volgens onderwerpe soos algebra, kalkulus, meting, trigonometrie, statistiek, waarskynlikheid en wiskundige finansies.
WISKUNDE GELETTERDHEID	Om die Wiskunde wat jy reeds geleer het (en ietwat meer) te gebruik om sin te maak uit die wêreld wat getalle, formules, grafieke en tabelle gebruik om inligting te kommunikeer. Jy sal die selfvertroue en vermoë ontwikkel om daaglikse situasies en probleme aan te pak wat aanvanklik ingewikkeld gelyk het weens die wyse waarop hulle voorgekom het.

**HOËRSKOOL PIONIER**  
**GRAAD 9-LEERLINGE**

(leerling se naam en van), gr. 9 \_\_\_\_\_

gaan vanaf 2018 die volgende vakke neem.

<b>Groep 1</b> (Verpligtend)	<ol style="list-style-type: none"><li>1. Afrikaans (Moedertaal)</li><li>2. Engels (1ste Addisionele Taal)</li><li>3. Lewensoriëntering</li></ol>
---------------------------------	--

*(Merk asseblief die blokkie voor die keusevak)*

<b>Groep 2</b> (Kies net een)	<input type="checkbox"/> Wiskunde <b>OF</b> <input type="checkbox"/> Wiskunde Geletterdheid <b>BELANGRIK: Wiskunde behoort net gekies te word indien Wiskunde Graad 9 met ten minste 50% geslaag word.</b>
----------------------------------	--

<b>Groep 3</b> (Kies net een)	<input type="checkbox"/> Fisiese Wetenskappe <b>OF</b> <input type="checkbox"/> Toerisme <b>OF</b> <input type="checkbox"/> Rekenaartoepassingstegnologie <b>OF</b> <input type="checkbox"/> Besigheidstudies <b>BELANGRIK: Fisiese Wetenskappe mag slegs gekies word indien Wiskunde uit Groep 2 gekies word.</b>
----------------------------------	--

<b>Groep 4</b> (Kies net een)	<input type="checkbox"/> Lewenswetenskappe (Biologie) <b>OF</b> <input type="checkbox"/> Besigheidstudies <b>OF</b> <input type="checkbox"/> Ingenieursgrafika en -ontwerp (TT) <b>OF</b> <input type="checkbox"/> Landbouwetenskappe <b>BELANGRIK: Ingenieursgrafika en -ontwerp behoort slegs gekies te word indien Wiskunde in Graad 9 met ten minste 55% geslaag word.</b>
----------------------------------	--

<b>Groep 5</b> (Kies net een)	<input type="checkbox"/> Geografie <b>OF</b> <input type="checkbox"/> Rekeningkunde <b>OF</b> <input type="checkbox"/> Verbruikerstudies <b>OF</b> <input type="checkbox"/> Visuele Kuns (Kuns) <b>OF</b> <input type="checkbox"/> Siviele Tegnologie (Siviele Dienste) <b>OF</b> <input type="checkbox"/> Siviele Tegnologie (Elektries: Elektronika)  <b>BELANGRIK: Rekeningkunde kan slegs gekies te word indien Wiskunde uit Groep 2 gekies word. Siviele Tegnologie kan slegs gekies word indien Wiskunde, Wetenskap (Groep 3) en Ingenieursgrafika en –ontwerp (Groep 4) gekies word.</b>
----------------------------------	--

\_\_\_\_\_  
HANDTEKENING (Ouer/voog)

\_\_\_\_\_  
DATUM